- (c) 'n Adjunk-Voorsittende Beampte wat funksies verrig wat deur die Voorsittende Beampte aan hom of haar gedelegeer is [ingevolge hierdie Wet].”.

Wysiging van artikel 27 van Wet 4 van 2008, soos vervang by artikel 23 van Wet 10 van 2010

11. Artikel 27 van die Hoofwet word gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) Die lede van die Raad en die Dranklisensieringstribunaal, die persoon wat aangestel word om as die Appèltribunaal op te tree, vervangende lede en persone wat ingevolge artikel 11(1) of 20(5) gekoöpteer is, is geregtig om redelike besoldiging en toelaes te ontvang soos deur die Minister, in oorleg met die Minister verantwoordelik vir finansies in die Provinsie, bepaal.”.

Vervanging van artikel 30 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 26 van Wet 10 van 2010

12. Artikel 30 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

“Inkomste wat aan Provinsiale Inkomstefonds, Owerheid of munisipaliteite toeval

30. (1) Die fooie bedoel in [artikels] artikel [46(2), 48(1) en (4), 63(2) en (2B)] [65(16)] moet in die Provinsiale Inkomstefonds gestort word.

- (2) Die volgende geld moet aan die Owerheid betaal word—
 - (a) boetes bedoel in artikels 20(3)(b)(v) en 82(2)(b);
 - (b) die [strafgelde] boetes bedoel in [artikel] artikels 46(6), 48(10), 62(3), 63(4), 64(4), 65(19) en 66(8); [en]
 - (c) fooie bedoel in artikels 26(8), 36(1)(e), 38, 46(2), 48(1), 48(4), 53(1), 59(7), 64(1), 65(4), [en 65(9)] 65(16), 66(2) en 66(6).
- (3) Die fooie bedoel in artikel 37(4)(a)(i) en (b)(i) moet aan die betrokke munisipaliteit betaal word.
- (4) Geen bedrag in hierdie artikel beoog is terugbetaalbaar nie.”.

Wysiging van artikel 33 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 29 van Wet 10 van 2010

13. Artikel 33 van die Hoofwet word gewysig deur paragraaf (a) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(a) 'n lisensie vir die verkoop van drank vir verbruik op of buite, of beide op en buite, die perseel waar drank by [spesiale] geleenthede verkoop word; en”.

Wysiging van artikel 41 van Wet 4 van 2008

14. Artikel 41 van die Hoofwet word gewysig—

- (a) deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

“Die Dranklisensieringstribunaal of Voorsittende Beampte mag by die oorweging van 'n aansoek kennis neem van—”; en
- (b) deur paragraaf (c) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(c) behoudens artikel 23(9)[,]—

 - (i) die nabyheid van die voorgestelde gelisensieerde perseel aan 'n onderneming wat die besigheid van 'n diensstasie bedryf wat petrol, diesel of ander petroleumprodukte aan die publiek verkoop; en

- (ii) enige ander aangeleentheid wat na die Dranklisensierings-tribunaal of Voorsittende Beampte se mening in aanmerking geneem moet word.”.

Wysiging van artikel 42 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 36 van Wet 10 van 2010

5

15. Artikel 42 van die Hoofwet word gewysig—

(a) deur die volgende subartikel na subartikel (4) in te voeg:

“(4A) Die Dranklisensieringstribunaal mag die voorwaardelike toestaan van ’n lisensie intrek indien hy bewus word van wesentliche feite waarvan hy onbewus was toe die lisensie voorwaardelik toegestaan is en hy tevrede is dat, sou hy toe bewus gewees het van daardie feite, hy nie die lisensie voorwaardelik sou goedkeur nie.”; en

(b) deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang:

“(7) Wanneer die Voorsittende Beampte oortuig is dat die aansoeker voldoen het aan die voorwaardes wat deur die Dranklisensieringstribunaal opgelê is, moet die Owerheid die lisensie uitreik soos voorgeskryf, behoudens artikel 46.”.

Vervanging van artikel 48 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 38 van Wet 10 van 2010

16. Artikel 48 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

20

“Tydelike dranklisensies en dranklisensies vir [spesiale] geleenthede

48. (1) Die Voorsittende Beampte mag op versoek deur ’n lisensiehouer beoog in artikel [33(1)(b) of (d)] 33(1) [bedoel] en teen betaling van die voorgeskrewe fooi ’n tydelike dranklisensie vir die gebruik van net daardie lisensiehouer toestaan.

25

(1A) ’n Aansoek vir ’n tydelike **[lisensie]** dranklisensie moet binne die voorgeskrewe tydperk gedoen word **[minstens veertien (14) dae vóór die eerste dag van die tydperk bedoel in subartikel (2)].**

(2) Die Voorsittende Beampte mag nie ’n tydelike dranklisensie kragtens subartikel (1) aan ’n bepaalde **[persoon]** lisensiehouer vir ’n tydperk langer as veertien (14) opeenvolgende dae en vir meer as ’n totaal van dertig (30) dae per jaar beginnende op 1 Januarie toestaan nie.

30

(3) ’n Tydelike dranklisensie moet onderworpe gemaak word aan die **[voorgeskrewe]** voorwaardes bedoel in artikel 49, waar van toepassing, en die ander voorwaardes en beperkings wat die Voorsittende Beampte oplê.

35

(4) Die Voorsittende Beampte mag op aansoek deur[—

(a) **’n opvoedkundige instelling, uitgesonderd ’n skool soos omskryf in artikel 1 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996);**

40

(b) **’n welsyns- of kultuurorganisasie;**

(c) **die organiseerder van ’n uitstalling;**

(d) **die sekretaris, bestuurder of hoofbaanbeampte van ’n bona fide-wedren of -sportbyeenkoms of soortgelyke geleentheid; of**

45

(e) **die organiseerder van ’n kunsuitvoering,** ’n persoon op die voorgeskrewe wyse en teen betaling van die voorgeskrewe fooi ’n dranklisensie vir ’n **[spesiale]** geleentheid toestaan vir die verkoop van drank vir verbruik op of buite, of beide op en buite, die perseel waarop drank by ’n **[spesiale]** geleentheid verkoop word.

(5) ’n Aansoek om ’n dranklisensie vir ’n **[spesiale]** geleentheid moet **[minstens veertien (14) dae vóór die datum van die spesiale geleentheid]** binne die voorgeskrewe tydperk gedoen word.

50

(6) ’n Dranklisensie vir ’n **[spesiale]** geleentheid mag nie toegestaan word vir ’n tydperk wat die duur van die betrokke **[spesiale]** geleentheid oorskry nie.

55

(7) ’n Dranklisensie vir ’n **[spesiale]** geleentheid **[is]** moet onderworpe gemaak word aan die voorwaardes in artikel 49 bedoel,

waar van toepassing, en die ander voorwaardes en beperkings wat deur die **[Dranklisensieringstribunaal]** Voorsittende Beampte opgelê word.

(8) Drank mag kragtens 'n dranklisensie vir 'n geleentheid verkoop word slegs by die geleentheid waarvoor die lisensie toegestaan is en slegs op die perseel goedgekeur ingevolge die lisensie.

(9) Die Voorsittende Beampte mag enige bykomende inligting van 'n aansoeker om 'n tydelike dranklisensie of dranklisensie vir 'n geleentheid versoek met die doel om die aansoek te oorweeg.

(10) Die Voorsittende Beampte mag die laat indiening van 'n aansoek om 'n tydelike dranklisensie of 'n dranklisensie vir 'n geleentheid kondoneer by aanvoering van goeie redes en by betaling van 'n boete van 100% van die voorgeskrewe aansoekfooi vir elke dag dat die aansoek laat ingedien word.

(11) Ten einde vas te stel of goeie redes soos beoog in subartikel (10) bestaan, mag die Voorsittende Beampte die volgende oorweeg—

(a) of kondonering in die openbare belang sal wees;

(b) of kondonering nadelig sal wees vir die administratiewe funksie van die Owerheid; en

(c) of daar wesenlik aan die Wet voldoen is.

(12) Die Voorsittende Beampte mag nie 'n tydelike dranklisensie of dranklisensie vir 'n geleentheid toestaan nie tensy 'n bestuurder vir die betrokke gelisensieerde besigheid aangestel is en die aanstelling ingevolge artikel 52 goedgekeur is.

(13) Die Voorsittende Beampte mag te eniger tyd, by aanvoering van goeie redes, by 'n kennisgewing wat afgelewer of aangebied word aan die houer van 'n tydelike dranklisensie of 'n dranklisensie vir 'n geleentheid—

(a) die lisensie onderworpe verklaar aan die voorwaardes of beperkings, of die verdere voorwaardes of beperkings, wat hy of sy na goeie redes mag oplê en wat uiteengesit word in die kennisgewing;

(b) enige voorwaarde of beperking wat ten opsigte van die lisensie opgelê is, opskort, intrek of wysig; of

(c) die lisensie opskort of intrek.

(14) Vir die doeleindes van subartikel (13) mag die Voorsittende Beampte kennis neem van enige van die volgende—

(a) vertoë wat gerig is ten gunste van of teen die toestaan van 'n tydelike dranklisensie of 'n dranklisensie vir 'n geleentheid vóór dit toegestaan is en enige antwoord op sodanige vertoë;

(b) enige verslag wat by 'n aangewese drankbeampte, 'n inspekteur of 'n munisipale beampte ingedien is;

(c) enige klagte wat by die Voorsittende Beampte ingedien is betreffende die optrede van die gelisensieerde besigheid;

(d) vertoë deur die betrokke lisensiehouer of enige ander persoon;

(e) enige ander aangeleentheid verwys na die Voorsittende Beampte deur die Hoof-Uitvoerende Beampte of wat die Voorsittende Beampte ingevolge hierdie Wet mag of moet oorweeg.

(15) 'n Oortreding van, of 'n versuim om te voldoen aan, subartikel (8) of enige voorwaarde of beperking beoog in subartikel (3), (7) of (13)(a) is 'n misdryf.''

Wysiging van artikel 51 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 40 van Wet 10 van 2010

17. Artikel 51 van die Hoofwet word gewysig—

(a) deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang:

“(7) 'n Lisensiehouer mag nie die lisensie aan 'n ander persoon verhuur, toelaat dat 'n ander persoon sake ingevolge die lisensie doen of 'n ander persoon toelaat om die gelisensieerde perseel te gebruik nie tensy die lisensiehouer, by aansoek, die toestemming van die Voorsittende Beampte bekom het.’’;

- (b) deur subartikel (8) deur die volgende subartikel te vervang:
 - “(8) Die Voorsittende Beampte mag nie ’n aansoek vir verhuring toestaan in die geval van ’n lisensie wat die reg om te mikrovervaardig insluit nie tensy hy of sy oortuig is dat die persoon aan wie dit die voorneme is om die gelisensieerde perseel of deel daarvan te verhuur of wat toegelaat staan te word om die perseel vir die doeleindes van mikrovervaardiging te gebruik—
 - (a) nie ingevolge artikel 35 gediskwalifiseer word om ’n lisensie te hou nie;
 - (b) van goeie karakter is; **[of] en**
 - (c) gepas onderrig en opgelei is of sal word, of een of meer werknemers in diens sal hê wat gepas onderrig en opgelei is of sal word om die gelisensieerde besigheid te bestuur.”; en
- (c) deur die volgende subartikel na subartikel (8) in te voeg:
 - “(8A) Die Voorsittende Beampte mag nie ’n aansoek om verhuring toestaan in die geval van ’n lisensie buiten dié wat in subartikel (8) beoog word nie, tensy hy of sy oortuig is dat—
 - (a) die aansoek deur uitsonderlike omstandighede ondersteun word; en
 - (b) die persoon aan wie die gelisensieerde perseel of deel daarvan verhuur staan te word—
 - (i) nie ingevolge artikel 35 gediskwalifiseer word om ’n dranklisensie te hou nie;
 - (ii) van goeie karakter is;
 - (iii) gepas onderrig en opgelei is of sal word, of een of meer werknemers in diens sal hê wat gepas onderrig en opgelei is of sal word om die gelisensieerde besigheid te bestuur.”.

Wysiging van artikel 52 van Wet 4 van 2008

18. Artikel 52 van die Hoofwet word gewysig—

- (a) deur die volgende subartikel na subartikel (1) in te voeg:
 - “(1A) Die Voorsittende Beampte mag, wanneer hy of sy—
 - (a) ’n tydelike dranklisensie kragtens artikel 48(1) toestaan;
 - (b) ’n dranklisensie vir ’n geleentheid kragtens artikel 48(4) toestaan;
 - (c) kragtens artikel 49(6) optree;
 - (d) kragtens artikel 53(1) optree; of
 - (e) toestemming ingevolge artikel 65(5) verleen, die aanstelling van ’n natuurlike persoon wat benoem word deur die aansoeker vir die lisensie, die lisensiehouer of die voorgestelde lisensiehouer, na gelang van die geval, as bestuurder van die gelisensieerde besigheid goedkeur.”;
- (b) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:
 - “(2) ’n Lisensiehouer **[wat nie ’n natuurlike persoon is nie,]** mag te eniger tyd en op die voorgeskrewe wyse ’n natuurlike persoon wat in die Provinsie woon, benoem om die bestuurder van die gelisensieerde besigheid te wees, en in so ’n geval mag die Dranklisensieëringstribunaal of die Voorsittende Beampte, na gelang van die geval, daardie persoon se aanstelling as bestuurder goedkeur.”;
- (c) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:
 - “(4) Die Dranklisensieëringstribunaal of die Voorsittende Beampte, na gelang van die geval, mag nie goedkeuring verleen dat ’n persoon wat ingevolge artikel 35 gediskwalifiseer word om ’n dranklisensie te hou of wat nie van goeie karakter is nie, as bestuurder aangestel word nie.”;
- (d) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:
 - “(5) Die Dranklisensieëringstribunaal of die Voorsittende Beampte, na gelang van die geval, mag gelas dat die voorgestelde bestuurder die opleiding en onderrig wat die Dranklisensieëringstribunaal of die Voorsittende Beampte, na gelang van die geval, spesifiseer, moet ontvang as ’n voorvereiste vir die goedkeuring van sodanige aanstelling.”;
- (e) deur subartikel (8) deur die volgende subartikel te vervang:
 - “(8) Die goedkeuring van die aanstelling van ’n bestuurder ingevolge subartikel (1), (1A) of (2) bly geldig tot die aanstelling van ’n nuwe

- bestuurder of die verstryking van die tydperk waarvoor die lisensie toegestaan of toestemming verleen is, na gelang van die geval.”;
- (f) deur subartikel (9) deur die volgende subartikel te vervang: 5
 “(9) Indien ’n persoon wie se aanstelling as bestuurder ingevolge subartikel (1), (1A) of (2) goedgekeur is, ophou om die gelisensieerde besigheid te bestuur of gediskwalifiseer word om dit te doen, moet die lisensiehouer binne dertig (30) dae vanaf daardie gebeurtenis, ingevolge subartikel (2) aansoek doen vir goedkeuring van die aanstelling van ’n bestuurder in sy of haar plek.”;
- (g) deur subartikel (10) deur die volgende subartikel te vervang: 10
 “(10) Indien ’n lisensiehouer versuim om aan subartikel (9) te voldoen, mag [sy] die lisensie ingevolge artikel 20(3)(b)(ii) ingetrek of ingevolge artikel 20(3)(b)(iii) opgeskort word.”; en
- (h) deur die volgende subartikel by te voeg: 15
 “(11) In hierdie artikel beteken “lisensiehouer” ook die houer van ’n dranklisensie vir ’n geleentheid.”.

Wysiging van artikel 56 van Wet 4 van 2008

19. Artikel 56 van die Hoofwet word gewysig—

- (a) deur paragraaf (b) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang: 20
 “(b) ’n kamer of plek wat die Dranklisensieringstribunaal of Voorsittende Beampte afgebaken het as ’n gebied waarin persone onder die ouderdom van agtien (18) jaar nie toegelaat word nie; en”;
- (b) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang: 25
 “(3) ’n Persoon onder die ouderdom van agtien (18) jaar mag toegang tot ’n beperkte gebied hê op ’n gelisensieerde perseel waar drank verkoop word vir verbruik buite die gelisensieerde perseel slegs indien vergesel óf deur ’n ouer of voog óf deur ’n volwassene met die toestemming van ’n ouer of voog van daardie persoon.”.

Wysiging van artikel 59 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 43 van Wet 10 van 2010 30

20. Artikel 59 van die Hoofwet word gewysig—

- (a) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang: 35
 “(3) Indien ’n munisipaliteit nie die handelsdae en -ure bepaal het vir gelisensieerde besighede wat drank verkoop vir verbruik op of buite die gelisensieerde perseel nie is die handelsdae en -ure vir so ’n besigheid dié wat te eniger tyd deur die Dranklisensieringstribunaal of die Voorsittende Beampte, na gelang van die geval, as ’n deel van die voorwaardes van die betrokke lisensie goedgekeur word.”;
- (b) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang: 40
 “(4) Indien ’n munisipaliteit nie die handelsdae en -ure bepaal het vir gelisensieerde besighede wat drank verkoop vir verbruik op of buite die gelisensieerde perseel nie mag die Voorsittende Beampte te eniger tyd by aansoek deur die lisensiehouer van so ’n besigheid, by ’n kennisgewing wat afgelewer of aangebied word aan die lisensiehouer, die handelsdae en -ure vir daardie besigheid verleng.”; 45
- (c) deur die volgende subartikel na subartikel (4) in te voeg: 50
 “(4A) Die handelsdae en -ure vir ’n gelisensieerde besigheid mag nie goedgekeur word of verleng word ingevolge subartikel (3) of (4) na ’n tyd later as 20:00 ten opsigte van ’n lisensie vir die verkoop van drank vir verbruik buite die gelisensieerde perseel en later as 02:00 die volgende dag ten opsigte van ’n lisensie vir die verkoop van drank vir verbruik op die gelisensieerde perseel nie.”;
- (d) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang: 55
 “(5) Die Voorsittende Beampte moet die maatstawwe bedoel in artikel 34(1)(a) en (e) in ag neem by die oorweging van ’n aansoek ingevolge subartikel (4).”;

- (e) deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:
 “(6) Die **[Raad] Owerheid** moet, binne die voorgeskrewe tydperk ná die toestaan of weiering van ’n aansoek ingevolge subartikel (4) gedoen, die aansoeker in kennis stel van die besluit van die **[Dranklisensieringstribunaal] Voorsittende Beampte.**”; 5
- (f) deur subartikel (8) deur die volgende subartikel te vervang:
 “(8) Behoudens artikel 89(10), is ’n lisensiehouer wat drank op die gelisensieerde perseel verkoop of verskaf, of die verbruik van drank daarop toelaat, op ’n tyd wanneer die verkoop van drank nie ingevolge subartikel (1) **[of]**, (3) **of** (4) toegelaat word nie, skuldig aan ’n misdryf.”; en 10
- (g) deur die volgende subartikel by te voeg:
 “(9) Waar ’n lisensie beoog in artikel 89(10) outomaties ingevolge artikel 63 hernu word en indien die betrokke munisipaliteit nie die handelsdae en -ure bepaal het nie vir gelisensieerde besighede wat drank verkoop vir verbruik op of buite die gelisensieerde perseel, na gelang van die geval, is die handelsure op enige dag waarop die lisensiehouer ingevolge die bepaling van die betrokke lisensie gemagtig is om drank te verkoop, beperk tot— 15
- (a) in die geval van ’n lisensie vir die verkoop van drank vir verbruik buite die gelisensieerde perseel, nie later nie as 20:00 op daardie dag; en 20
- (b) in die geval van ’n lisensie vir die verkoop van drank vir verbruik op die gelisensieerde perseel, nie later nie as 02:00 die volgende dag.”. 20

Wysiging van artikel 60 van Wet 4 van 2008 25

21. Artikel 60 van die Hoofwet word gewysig—

- (a) deur subartikel (3) te skrap; en
- (b) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:
 “(4) ’n Oortreding van, of versuim om te voldoen aan, subartikel (1)[,] **of** (2) **[of (3)]** is ’n misdryf.”. 30

Wysiging van artikel 62 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 44 van Wet 10 van 2010

22. Artikel 62 van die Hoofwet word gewysig—

- (a) deur paragraaf (c) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:
 “(c) op die datum deur die Dranklisensieringstribunaal of die Voorsittende Beampte bepaal wanneer **[hy]** die lisensie **[intrek]** ingetrek word.”; 35
- (b) deur paragraaf (d) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:
 “(d) waar geldigheid reeds aan die lisensie verleen is, op die datum waarop die Appèltribunaal of ’n hof die besluit om die lisensie toe te staan of uit te reik tersyde stel; of” 40
- (c) deur paragraaf (b) van subartikel (3) deur die volgende paragraaf te vervang:
 “(b) waar die lisensie verval het in die omstandighede in subartikel (2)(b) beoog, die besluit deur die Dranklisensieringstribunaal of die Voorsittende Beampte om daardie lisensie in te trek, deur die Appèltribunaal of ’n hof, na gelang van die geval, tersyde gestel word; of” 45
- (d) deur paragraaf (c) van subartikel (3) deur die volgende paragraaf te vervang:
 “(c) waar die lisensie verval het in die omstandighede in subartikel (2)(d) beoog, die besluit deur die Appèltribunaal of die hof, na gelang van die geval, om die besluit om daardie lisensie toe te staan of uit te reik tersyde te stel op appèl of hersiening tersyde gestel word.”. 50

Vervanging van artikel 63 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 45 van Wet 10 van 2010

23. Artikel 63 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

“Outomatiese hernuwing van lisensies

63. (1) Die Owerheid moet ’n jaarlikse hernuwingskennisgewing in die voorgeskrewe vorm uitreik nie later nie as 31 Oktober van die jaar wat die jaar ten opsigte waarvan die voorgeskrewe hernuwingsfooi betaal moet word, voorafgaan. 5

(2) By betaling van die voorgeskrewe jaarlikse hernuwingsfooi word die lisensie outomaties henu tot 31 Desember van die jaar ten opsigte waarvan die hernuwingsfooi betaal is. 10

(2A) Ondanks subartikels (1) en (2) mag ’n lisensiehouer op die voorgeskrewe wyse inteken op ’n tweekjaarlikse hernuwingsiklus, in welke geval die Owerheid ’n tweekjaarlikse hernuwingskennisgewing moet uitreik, in die voorgeskrewe vorm, nie later nie as 31 Oktober van die jaar wat die eerste jaar van die tweekjaartydperk voorafgaan, ten opsigte waarvan die voorgeskrewe tweekjaarlikse hernuwingsfooi betaal behoort te word. 15

(2B) By betaling van die voorgeskrewe tweekjaarlikse hernuwingsfooi is die lisensie outomaties henu tot 31 Desember van die tweede jaar van die tweekjaartydperk ten opsigte waarvan daardie foocie betaal is. 20

(3) Die lisensiehouer word nie van sy of haar verpligting om die voorgeskrewe hernuwingsfooi betyds te betaal, kwytgeskeld nie as die kennisgewing nie aan hom of haar gestuur of deur hom of haar ontvang is nie. 25

(4) ’n Lisensiehouer wat versuim om die voorgeskrewe hernuwingsfooi te betaal voor of op die laaste dag van Februarie van die jaar of die eerste jaar van die tweekjaartydperk, na gelang van die geval, ten opsigte waarvan dit betaal moes gewees het, mag voor of op 31 Maart van daardie jaar skriftelik aansoek doen by die Hoof-Uitvoerende Beampte om daardie versuim te kondoneer, en die Hoof-Uitvoerende Beampte mag die versuim kondoneer en die laat betaling van die voorgeskrewe hernuwingsfooi toelaat teen ’n datum wat die Owerheid moet bepaal, behoudens die betaling van die hernuwingsfooi plus ’n boete van 150%. 30 35

(5) Indien die Hoof-Uitvoerende Beampte ingevolge subartikel (4) kondonering toegestaan het en die voorgeskrewe hernuwingsfooi en boete betaal is, word die lisensie geag henu te wees vanaf 31 Desember van die jaar wat die jaar ten opsigte waarvan die hernuwingsfooi betaal moes word, voorafgaan of wat die eerste jaar van die tweekjaartydperk voorafgaan, na gelang van die geval. 40

(6) Indien die lisensiehouer versuim om die voorgeskrewe hernuwingsfooi en die boete ingevolge subartikel (4) opgelê te betaal, word die lisensie geag te verval het op 1 Januarie van die jaar of die eerste jaar van die tweekjaartydperk, na gelang van die geval, ten opsigte waarvan die voorgeskrewe hernuwingsfooi betaal moes word.”. 45

Wysiging van artikel 64 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 46 van Wet 10 van 2010

24. Artikel 64 van die Hoofwet word gewysig deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang: 50

“(7) Indien die Dranklisensieëringstribunaal ’n aansoek vir die hernuwing van die lisensie toestaan, word die lisensie, by betaling van die voorgeskrewe hernuwingsfooi, geag henu te wees ingevolge artikel 63(2) of (2B), na gelang van die geval.”.

Wysiging van artikel 65 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 49 van Wet 10 van 2010

25. Artikel 65 van die Hoofwet word gewysig—
- (a) deur subartikel (12) deur die volgende subartikel te vervang: 5
 “(12) Die Dranklisensiëringstribunaal moet die aansoek binne die voorgeskrewe tydperk óf weier óf toestaan [**binne die voorgeskrewe tydperk**] óf voorwaardelik toestaan onderhewig aan die voorwaardes wat die Dranklisensiëringstribunaal mag bepaal.”
- (b) deur die volgende subartikels na subartikel (12) in te voeg: 10
 “(12A) Die Dranklisensiëringstribunaal moet, wanneer hy ’n aansoek voorwaardelik toestaan, ’n tydperk vermeld waarbinne die voorgestelde lisensiehouer aan die voorwaardes bedoel in subartikel (12) moet voldoen.
 (12B) Die Dranklisensiëringstribunaal mag te eniger tyd, by aansoek deur die voorgestelde lisensiehouer, die voorwaardes wysig of intrek. 15
 (12C) Die Voorsittende Beampte mag te eniger tyd, by aansoek deur die voorgestelde lisensiehouer, die tydperk vermeld ingevolge subartikel 12(A) verleng.”;
- (c) deur die volgende subartikels na subartikel (13) in te voeg: 20
 “(13A) Indien die voorgestelde lisensiehouer versuim om binne die tydperk bedoel in subartikel (12A) of die verlengde tydperk ingevolge subartikel (12C) te voldoen aan die voorwaardes wat deur die Dranklisensiëringstribunaal opgelê is, verval die voorwaardelike toestaan van die aansoek en word die aansoek om oordrag geag geweier te wees. 25
 (13B) Wanneer die Voorsittende Beampte oortuig is dat die voorgestelde lisensiehouer voldoen het aan die voorwaardes wat deur die Dranklisensiëringstribunaal opgelê is, moet die Owerheid ’n sertifikaat van oordrag ooreenkomstig subartikel (17) uitreik.”;
- (d) deur subartikel (17) deur die volgende subartikel te vervang: 30
 “(17) Die Owerheid moet binne die voorgeskrewe tydperk na die betaling van die voorgeskrewe fooi in subartikel [4] (16) bedoel [**en behoudens artikels 42, 43, 44, 45 en 53(1) en (2)**] ’n sertifikaat van oordrag, wat die voorwaardes van die lisensie soos deur die Dranklisensiëringstribunaal ingevolge artikel 20(3)(a) opgelê, uiteensit, in die voorgeskrewe vorm aan die voorgestelde lisensiehouer uitreik.”; 35
 en
- (e) deur subartikel (21) deur die volgende subartikel te vervang: 40
 “(21) Die Dranklisensiëringstribunaal mag [**na goeddunke**] ’n aansoek vir oordrag toestaan ten gunste van ’n eksekuteur, trustee, kurator of likwidateur, of aan sodanige ander persoon wat die Dranklisensiëringstribunaal [**geskik ag**] mag bepaal.”.

Wysiging van artikel 66 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 50 van Wet 10 van 2010

26. Artikel 66 van die Hoofwet word gewysig— 45
- (a) deur die woord “spesiale”, waar dit ook al voorkom, te skrap;
- (b) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang: 50
 “(4) Die Dranklisensiëringstribunaal moet elke aansoek vir die verwydering van ’n lisensie oorweeg en mag—
 (a) die aansoek weier; [**of**]
 (b) die aansoek toestaan; of
 (c) die aansoek voorwaardelik toestaan behoudens die voorwaardes wat die Dranklisensiëringstribunaal mag bepaal.”;
- (c) deur na subartikel (4) die volgende subartikels in te voeg: 55
 “(4A) Die Dranklisensiëringstribunaal moet wanneer hy ’n aansoek voorwaardelik toestaan ’n tydperk vermeld waarbinne die lisensiehouer aan die voorwaardes bedoel in subartikel (4)(c) moet voldoen.
 (4B) Die Dranklisensiëringstribunaal mag te eniger tyd, by aansoek deur die lisensiehouer, die voorwaardes wysig of intrek.

(4C) Die Voorsittende Beampte mag te eniger tyd, by aansoek deur die lisensiehouer, die tydperk vermeld ingevolge subartikel (4A) verleng.

(4D) Indien die lisensiehouer versuim om binne die tydperk bedoel in subartikel (4A) of die verlengde tydperk ingevolge subartikel (4C) aan die voorwaardes bedoel in subartikel (4)(c) te voldoen, verval die voorwaardelike toestaan van die aansoek en word die aansoek om verwydering geag geweier te wees.

(4E) Wanneer die Voorsittende Beampte oortuig is dat die lisensiehouer aan die voorwaardes bedoel in subartikel (4)(c) voldoen het, moet die Owerheid ooreenkomstig subartikel (6) 'n sertifikaat van verwydering uitreik.”

Wysiging van artikel 67 van Wet 4 van 2008

27. Artikel 67 van die Hoofwet word gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“(2) 'n Persoon ingevolge subartikel [(1)(b)] (1) aangestel, word geag die lisensiehouer te wees.”

Vervanging van artikel 68 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 51 van Wet 10 van 2010

28. Artikel 68 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

“Appèlle en hersienings na Appèltribunaal

68. (1) Die Appèltribunaal moet enige appèl teen, of aansoek vir die hersiening van, 'n besluit van die Dranklisensieringstribunaal **[ingevolge artikel 20(3)]**, die Voorsittende Beampte of 'n Adjunk-Voorsittende Beampte oorweeg.

(2) Die Appèltribunaal mag 'n besluit of bevel wat die onderwerp van 'n appèl of hersiening is, bevestig, wysig of tersyde stel en die besluit of bevel vervang, na gelang van die omstandighede.

(2A) 'n Aansoeker of belanghebbende wat deur 'n besluit van die Dranklisensieringstribunaal, die Voorsittende Beampte of 'n Adjunk-Voorsittende Beampte benadeel is, kan **[by]** die Dranklisensieringstribunaal, Voorsittende Beampte of Adjunk-Voorsittende Beampte, na gelang van die geval, **[aansoek doen]** versoek om redes te verstrek vir daardie besluit.

(3) 'n Aansoeker of belanghebbende wat benadeel is deur 'n besluit van die Dranklisensieringstribunaal, die Voorsittende Beampte of 'n Adjunk-Voorsittende Beampte mag binne die voorgeskrewe tydperk na ontvangs van redes vir **[’n]** die besluit **[van die Dranklisensieringstribunaal,]** 'n kennisgewing van appèl of hersiening by die Dranklisensieringstribunaal indien soos voorgeskryf.

[(4) Die appèl of hersiening moet aangehoor word asof dit 'n appèl na 'n Hoë Hof teen die uitspraak van 'n landdroshof in 'n siviele geding is, en enige reël van toepassing op sodanige siviele appèl is van toepassing met die nodige veranderings.]

(5) Indien die Appèltribunaal 'n besluit ingevolge subartikel (2) tersyde stel, mag hy die aangeleentheid terugverwys na die Dranklisensieringstribunaal, Voorsittende Beampte of Adjunk-Voorsittende Beampte, na gelang van die geval, vir herooring met of sonder voorskrifte.

[(8) Die Appèltribunaal mag die bevel wat hy in die omstandighede goedvind, maak aangaande die betaling van die koste van die partye by die verrigtinge of van die Dranklisensieringstribunaal.]

(9)(a) 'n Aansoeker of belanghebbende wat **[benadeel is deur die besluit van die Owerheid]** 'n kennisgewing van appèl of hersiening ingedien het, mag persoonlik voor die Appèltribunaal verskyn of kan daar verteenwoordig word deur 'n advokaat, prokureur of enige ander persoon wat namens hom of haar verskyn.

(b) Die Dranklisensiëringstribunaal mag verteenwoordig word deur die Voorsittende Beampte, 'n Adjunk-Voorsittende Beampte, 'n advokaat, 'n prokureur of enige ander persoon wat namens die Dranklisensiëringstribunaal verskyn.

(10) Indien 'n persoon wat behoorlik in kennis gestel is dat hy of sy by 'n vergadering van die Appèltribunaal teenwoordig moet wees, versuim om sodanige vergadering by te woon of die vergadering verlaat sonder die toestemming van die Appèltribunaal, mag die vergadering voortgaan in die afwesigheid van daardie persoon of mag die Appèltribunaal die stappe doen wat hy billik en regverdig ag in die omstandighede.

(11) Die Appèltribunaal moet, binne vyf maande na die einde van 'n boekjaar, 'n verslag oor sy aktiwiteite gedurende daardie boekjaar aan die Minister voorlê vir tertaaflegging in die Provinsiale Parlement.”.

Wysiging van artikel 69 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 52 van 2010

29. Artikel 69 van die Hoofwet word gewysig deur subartikel (12) deur die volgende subartikel te vervang:

“(12) Bewys van nievoldoening aan 'n voldoeningskennisgewing, op 'n vergadering van die Dranklisensiëringstribunaal, maak, by gebrek aan bewys in die teendeel, *prima facie*-bewys uit van die pleging van 'n misdryf of 'n oortreding van die lisensievoorwaardes in die voldoeningskennisgewing voorgeskryf.”.

Wysiging van artikel 73 van Wet 4 van 2008, soos gewysig by artikel 54 van Wet 10 van 2010

30. Artikel 73 van die Hoofwet word gewysig—

(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) Die [Wes-Kaapse] Provinsiale Kommissaris [van die Suid-Afrikaanse Polisie] mag ten opsigte van elke polisiekantoor [’n] een of meer [polisiebeampte met of bo die rang van Inspekteur] polisiebeamptes aanwys om die funksies van 'n aangewese drankbeampte ingevolge hierdie Wet te verrig.”;

(b) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

“(3) Die [Wes-Kaapse] Provinsiale Kommissaris [van die Suid-Afrikaanse Polisie] mag 'n aanstelling ingevolge subartikel (1) maak of geag maak te wees, te eniger tyd beëindig.”;

(c) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

“(5) Die Provinsiale Kommissaris moet by die aanwysing van 'n drankbeampte ingevolge subartikel (1), en die [Raad] Owerheid moet by die aanstelling van 'n inspekteur ingevolge subartikel (4), 'n sertifikaat van aanwysing of brief van aanstelling uitreik, onderteken deur die Provinsiale Kommissaris of die Hoof-Uitvoerende Beampte namens die [Raad] Owerheid, na gelang van die geval.”; en

(d) deur die volgende subartikel by te voeg:

“(8)(a) Die Provinsiale Kommissaris mag enige bevoegdheid of funksie van die Provinsiale Kommissaris ingevolge hierdie artikel skriftelik deleger aan enige lid van die Suid-Afrikaanse Polisie of enige ander persoon in diens van die Suid-Afrikaanse Polisie om namens hom of haar uit te oefen of te verrig.

(b) Artikel 15 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisie is van toepassing, met die nodige veranderinge, op 'n delegasie kragtens paragraaf (a).”.

Wysiging van artikel 74 van Wet 4 van 2008

31. Artikel 74 van die Hoofwet word gewysig—

(a) deur die opskrif van artikel 74 deur die volgende opskrif te vervang:

“Bevoegdhede van aangewese drankbeamptes, vredesbeamptes en inspekteurs”;

- (b) deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:
 “Behoudens artikel 75 mag ’n aangewese drankbeampte, vredesbeampte of [’n] inspekteur by die verrigting van sy of haar funksies ingevolge hierdie Wet—”;
- (c) deur subparagraaf (iii) in paragraaf (a) van subartikel (1) deur die volgende subparagraaf te vervang:
 “(iii) enige perseel of voertuig waarop of waarin hy of sy op redelike gronde vermoed drank geberg, vervoer of verkoop word strydig met die bepalings van hierdie Wet,”;
- (d) deur paragraaf (b) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:
 “(b) op enige tyd en plek enige persoon versoek om onverwyld of op ’n datum en tyd wat deur die aangewese drankbeampte, vredesbeampte of inspekteur bepaal word, enige lisensie, rekord of ander dokument wat in die besit, bewaring of beheer van daardie persoon of enige ander persoon namens hom of haar is of vermoedelik is, aan hom of haar voor te lê;”;
- (e) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:
 “(2) Enige persoon wat in beheer is van ’n perseel in subartikel (1) beoog, moet die bystand verleen wat die aangewese drankbeampte, vredesbeampte of inspekteur redelikerwys versoek.”;
- (f) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:
 “(3) Enige persoon wat deur ’n aangewese drankbeampte, vredesbeampte of inspekteur ondervra word ingevolge hierdie Wet moet eers ingelig word oor sy of haar grondwetlike regte voordat enige ondervraging begin, en enige antwoord daarna deur daardie persoon moet waar wees en na sy of haar beste vermoë wees.”; en
- (g) deur die woorde in subartikel (4) wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:
 “’n Antwoord of verduideliking wat aan ’n aangewese drankbeampte, vredesbeampte of [’n] inspekteur gegee word, mag nie gebruik of toegelaat word in strafverrigtinge teen die persoon wat dit verskaf nie, behalwe in verrigtinge teen daardie persoon op ’n klag met betrekking tot—”.

Wysiging van artikel 75 van Wet 4 van 2008

32. Artikel 75 van die Hoofwet word gewysig—

- (a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:
 “(1) ’n Aangewese drankbeampte, vredesbeampte of [’n] inspekteur mag ’n bevoegdheid in artikel 74 bedoel, uitoefen met betrekking tot die betreding, deursoeking en inspeksie van ’n perseel indien gemagtig deur ’n lasbrief uitgereik deur ’n landdros in ooreenstemming met subartikel (3).”;
- (b) deur in subartikel (3) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:
 “’n Landdros mag ’n lasbrief uitreik om enige perseel bedoel in artikel 74(1)(a) te betree en te inspekteer indien, op grond van inligting wat skriftelik en onder eed of plegtige verklaring verstrek is, die landdros rede het om te glo dat—”;
- (c) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:
 “(4) ’n Aangewese drankbeampte, vredesbeampte of [’n] inspekteur mag die bevoegdhede in subartikel (1) bedoel sonder ’n lasbrief uitoefen—
- (a) met die toestemming van die eienaar of die persoon in beheer van die betrokke perseel;
- (b) indien daar ’n uitstaande voldoeningskennisgewing is wat uitgereik is ingevolge artikel 69, met die doel om vas te stel of daar aan die kennisgewing voldoen is; of
- (c) indien die aangewese drankbeampte, vredesbeampte of inspekteur op redelike gronde glo dat—
- (i) ’n lasbrief ingevolge subartikel (3) uitgereik sal word indien hy of sy daarvoor aansoek doen; en

- (ii) 'n vertraging in die verkryging van 'n lasbrief die oogmerke van die deursoeking of inspeksie sou verydel.”;
- (d) deur die volgende subartikel na subartikel (4) in te voeg:
 “(4A) 'n Aangewese drankbeampte, vredesbeampte of inspekteur mag die bevoegdhede bedoel in subartikel (1) sonder 'n lasbrief uitoefen slegs ten opsigte van 'n gelisensieerde perseel en indien die inspeksie gedoen word om voldoening aan hierdie Wet of aan die lisensievoorwaardes te kontroleer.”; 5
- (e) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:
 “(5) By betreding van 'n perseel ingevolge hierdie artikel moet die aangewese drankbeampte, vredesbeampte of inspekteur— 10
 (a) hom- of haarself identifiseer aan die persoon in beheer van die perseel;
 (b) die lasbrief, as daar een is, aan daardie persoon toon;
 (c) die gesag ingevolge waarvan die inspeksie gedoen word, verklaar; 15
 en
 (d) in die geval van 'n gelisensieerde perseel, die inspeksie doen met die mins moontlike ongerief vir die lisensiehouer of sy of haar kliënte en met die mins moontlike ontwrigting van die gelisensieerde besigheid.”; 20
- (f) deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:
 “(6) 'n Aangewese drankbeampte, vredesbeampte of inspekteur moet by die beslaglegging op enigiets ingevolge hierdie artikel, 'n kwitansie aan die persoon van wie daar op die artikel beslag gelê is, uitreik waarin die artikels waarop beslag gelê is, beskryf word en die redes vir die beslaglegging verduidelik word.”; en 25
- (g) deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang:
 “(7) Artikels 30 tot 34 van die Strafproseswet is van toepassing, met die nodige veranderinge, op enigiets waarop daar ingevolge hierdie artikel beslag gelê is.”. 30

Vervanging van artikel 79 van Wet 4 van 2008

33. Artikel 79 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

“Misdrywe betreffende aangewese drankbeamptes, vredesbeamptes en inspekteurs

- 79.** 'n Persoon wat— 35
 (a) hom of haar valslik as 'n aangewese drankbeampte, vredesbeampte of inspekteur voordoen;
 (b) 'n aangewese drankbeampte, vredesbeampte of inspekteur by die uitvoering van sy of haar pligte ingevolge hierdie Wet verhinder;
 (c) weier of versuim om 'n wettige opdrag van 'n aangewese drankbeampte, vredesbeampte of inspekteur te gehoorsaam; 40
 (d) wanneer hy of sy deur 'n aangewese [beampte] drankbeampte, vredesbeampte of inspekteur ondervra word, wetend 'n vals of misleidende antwoord gee; of
 (e) versuim om te voldoen aan 'n redelike versoek deur 'n aangewese drankbeampte, vredesbeampte of [n] inspekteur ingevolge artikel 74, 45
 is skuldig aan 'n misdryf.”.

Herroeping van artikel 81 van Wet 4 van 2008

34. Artikel 81 van die Hoofwet word herroep. 50

Wysiging van artikel 84 van Wet 4 van 2008, soos vervang by artikel 57 van Wet 10 van 2010

35. Artikel 84 van die Hoofwet word gewysig—
- (a) deur in subartikel (1) die volgende paragrawe na paragraaf (k) in te voeg: 5
 “(kA) ’n afslaer wat namens ’n munisipaliteit of die Suid-Afrikaanse Polisie optree, in die verrigting van sy of haar funksies;
 (kB) die Suid-Afrikaanse Polisie of tersaaklike munisipaliteit, na gelang van die geval, ten opsigte van die verkoop van drank wat aan die Staat verbeur word soos beoog in artikel 87(4);”;
- (b) deur paragraaf (d) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang: 10
 “(d) namens die hoof van ’n opvoedkundige instelling[, **uitsluitend ’n skool soos omskryf in die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996,**] in ’n restaurant gebruik vir die opleiding van personeel in spyseniersdienste op persele beset, beheer of onderhou deur die betrokke instelling, vir verbruik in daardie restaurant;”;
- (c) deur paragraaf (e) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang: 15
 “(e) as daardie persoon ’n [**versamelaar**] *bona fide*-versamelaar is van wyn of spiritus en daardie drank bestaan uit sy of haar versameling wyn of spiritus of enige deel daarvan; of”;
- (d) deur paragraaf (f) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang: 20
 “(f) as daardie persoon ’n [**gelisensieerde**] afslaer is wat optree namens ’n *bona fide*- kulturele of liefdadigheidsorganisasie, ’n opvoedkundige instelling[, **uitsluitend ’n skool soos omskryf in die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996,**] of ’n versekeraar.”.

Vervanging van artikel 85 van Wet 4 van 2008 25

36. Artikel 85 van die Hoofwet word deur die volgende artikel vervang:

“Bewys

85. (1) Indien daar in enige strafverrigtinge of op ’n vergadering van die Dranklisensieringstribunaal getuienis voorgelê word dat ’n persoon wat nie gelisensieer of toegelaat is om drank ingevolge hierdie Wet of enige ander wet te verkoop nie— 30

